# Wat is sonde?

2 Kor 12:2-9

Vra vir mamma en pappa om hierdie week se gedeelte in die Bybel saam met jou te lees.

In vers 5 en 9 praat Paulus van "my swakhede". Kom ons kyk wat is swakhede, of sonde, en wat dit beteken om te sondig.

Wat dink jy is sonde?

Dink eers 'n bietjie hieroor voor jy verder lees. Wat het jy al gedoen wat jy gedink het is sonde?

Wanneer ons oor sonde praat beteken dit om die punt of die teiken te mis. Hierdie "punt" of "teiken" is God se wet. Met ander woorde, om te sondig is om ongehoorsaam te wees teenoor wat God van ons vra. Kan jy onthou wat God van ons vra? In Matteus 22:37-40 lees ons dat Jesus van ons vra om vir God lief te wees en vir die mense rondom ons (ons naaste). Daarom kan ons sê dat om ongehoorsaam te wees teenoor God, is om nie lief te wees vir Hom en die mense rondom ons nie.

Wat dink jy is sonde dan?

Dink nou weer hieroor. Waar in jou lewe was jy ongehoorsaam teenoor God deur nie te lief te wees vir Hom of jou naaste nie? Waar het jy al die punt of die teiken gemis?

So, om nie te sondig nie moet ons altyd dink voor ons iets doen of sê. Ons moet dink of daardie aksie wat ons wil doen of woorde wat ons wil sê uit liefde is. Ons moet mooi dink of dit gaan wys dat ons vir God lief is en ook vir die mense rondom ons.



Maak nou 'n lys van dinge wat jy al gedoen het waar jy nie liefde gewys het nie en skryf langs dit wat jy volgende keer kan doen wanneer jy in 'n selfde situasie is. Wat gaan jy volgende keer doen of sê om liefde te wys?

| Waar het jy die punt/teiken gemis? | Hoe kan jy volgende keer liefde wys? |
| --- | --- |
| | |

Soek nou die pad terug na die teiken – wat liefde is:

